

## 11 Maart

### Christus se heilswil vir die mense

**Skrifgedeelte: Matteus 8:1-17**

**Fokusgedeelte: Matteus 8:3**

Melaatsheid was destyds baie meer 'n weersinwekkende siekte as vandag. Daarom is melaatse mense permanent uit die samelewing gestoot.

Hierdie melaatse het gehoor wat Jesus leer. By hom was daar geen twyfel oor wat Jesus kan doen nie: *"Here, as U wil, kán U my gesond maak."* Sy onsekerheid lê eerder by wat Jesus wil doen. En Jesus sê: *"Ek wil. Word gesond."*

Die vraag kom nou by mens op of hierdie "Ek wil", met die onmiddellike genesingsgevolg, oral en altyd geld?

- Met "Ek wil" maak Jesus sy uiteindelijke, omvattende heilswil bekend. Hy sê Wie Hy is en waarvoor Hy gekom het: Hy is die Messias wat gekom het om ons van sonde en die gevolge van die sonde, soos siekte, te genees. Uiteindelik sal daar geen siekte, droefheid of dood meer wees nie (Openb 21:4).
- Maar wat van hier en nou? Die Bybel leer dat Jesus vir baie mense hier en nou genesing gee. Hy wil dit baie graag doen. En siekes kan om genesing vra. Hy genees met of sonder medisyne (Jak 5:15-18). Daar is baie mense wat dit so ervaar het en daarvan getuig. Tog kan God dit anders wil as wat ons vra. Vir Paulus het God gesê: *"My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is"* (2 kor 12:8, 9). God wil dan deur siekte en dood 'n ander doel bereik en alles tot ons beswil laat dien (Rom 8:25).

Hoe ook al, God se wil alleen is goed en reg. Wat Hy wil, kom uit die diepte van sy rykdom, wysheid en kennis (Rom 11:33). Dat dit uiteindelik vir ons positief, genesend en verlossend sal wees, hoor ons as Jesus vir hierdie melaatse sê: "Ek wil."

*Ds. Chris Hattingh (Randburg)*